38/85

<u>ANDREW SOLOMONS</u> Appellant

en

<u>DIE STAAT</u> Respondent

340/83

mp

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPéLAFDELING)

In die saak tussen:

ANDREW SOLOMONS — Appellant (Besk. nr 2 *a quo*)

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: JOUBERT, HOEXTER *et* NICHOLAS ARR

VERHOOR: 19 Maart 1985

GELEWER: 29 Maart 1985

---

UITSPRAAK

---

HOEXTER, AR .......

HOEXTER, AR

In die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling was die appellant een van drie mede-beskuldigdes wat op ŉ aanklag van verkragting tereggestaan het. Die strafsaak het voortgespruit uit die verkragting van ŉ 39-jarige getroude vrou, ŉ Britse burger, op 5 Maart 1981 en te Melkbosstrand, distrik Malmesbury. Die drie beskuldigdes is deur LATEGAN, R en twee assessore aan verkragting skuldig bevind en elke beskuldigde is ŉ vonnis van 15 jaar gevange=nisstraf opgelê. Met verlof van hierdie Hof appelleer die appellant teen sowel sy skuldigbevinding as sy vonnis.

Geriefshalwe verwys ek na die appellant se mede-beskuldigdes as beskuldigde 1 en beskuldigde 3 onder=skeidelik. Ten tyde van die pleging van die misdaad was beskuldigde 1 en die appellant albei een-en-twintig jaar en beskuldigde 3 agtien jaar oud. Aanvanklik het aldrie beskuldigdes onskuldig gepleit. Terwyl die laaste staats=

getuie .........

getuie besig was om te getuig het beskuldigdes 1 en 3 hulle pleite verander en albei het skuldig gepleit. Die verhoorhof het beskuldigdes 1 en 3 toe skuldig bevind en nadat die verhoorregter 'n skeiding van verhore gelas het, het die saak teen appellant voortgegaan.

Die klaagster is helder oordag in die namiddag verkrag terwyl sy in haar baaiklere langs die see op die strand gewandel het. Een van haar verkragters het haar van agter bekruip en met sy arm 'n wurggreep om haar nek toegepas. Terwyl sy gesukkel het om asem te haal, het haar aanrander haar oor die strand na nabyliggende sandduine gesleep-dra. Daar is die klaagster agtereenvolgens drie keer verkrag. Volgens die klaagster is sy heel eerste deur die man wat haar op die strand oorrompel het, verkrag. Terwyl hy haar verkrag het, het 'n tweede man haar kop skuins teen die sand vasgedruk en haar gesig met die klaagster se eie sarong asook 'n wollerige voorwerp toegedruk. Haar aanranders het

Engels .........

Engels met haar gepraat en haar met die dood gedreig indien sy sou probeer om na hulle te kyk of om te skreeu. Weer eens was dit moeilik vir haar om asem te haal. Toe die eerste man met haar klaar was het die tweede man haar verkrag. Terwyl die tweede man met haar besig was het die eerste man Afrikaans gepraat en te kenne gegee dat hy 'n makker gaan haal. Die eerste man is toe daar weg. Daarna het volgens die gewaar= wording van die klaagster iemand weer opgedaag. Die klaagster het gemeen dat dit eintlik twee persone was. Hierna is die klaagster weer verkrag. Die klaagster was van oordeel dat die derde verkragting op haar deur 'n derde man gepleeg is. Sy het egter toegegee dat dit tog moontlik is dat die derde verkragting deur haar eerste of tweede verkragter gepleeg kon gewees het. 'n Rukkie nadat die klaagster vir die derde keer verkrag is, is sy weer eens met die dood gedreig om net so te bly lê en het haar aanranders van die toneel verdwyn. Die klaagster het by 'n huis in die omgewing om hulp gevra.

Die .........

Die polisie is ontbied en op die volgende dag is die drie beskuldigdes in hegtenis geneem.

Die drie mede-beskuldigdes is Kleurlingmanne wat gedurende Maart 1981 arbeiders in diens van ʼn boukon= trakteur was. Op die betrokke dag was die drie beskuldigdes lede van ʼn werkspan bestaande uit vyf arbeiders wat onder aanvoering van ʼn voorman op ʼn bouperseel langs die see by Melkbosstrand gewerk het. Die betrokke bouperseel is in die omgewing van die plek in die sandduine waar die klaagster daardie namiddag verkrag is. Een lid van die werkspan was ʼn jong arbeider, Daniël Williams, die laaste getuie wat die staat by die verhoor opgeroep het. Williams het in sy getuienis die volgende relaas van sekere gebeure gedurende die namiddag van 5 Maart 1981 gegee. ʼn Rukkie na die werkspan se middagete het beskuldigde 1 gesê hy gaan bos toe. By sy terugkoms het beskuldigde 1 met beskuldigde 3 gepraat waarna hulle gesê het dat hulle strand se kant toe gaan.

Dié ..........

Dié twee is toe by die bouperseel weg. Na ongeveer 'n halfuur het beskuldigde 1 na die bouperseel teruggekeer en met die appellant gepraat. Hierop het die appellant by die voorman toestemming verkry om sy been te gaan was, waarna die appellant alleen daar weg is. Na nog 'n halfuur of wat het beskuldigde 2 en die appellant na die bouperseel teruggekeer. Die drie beskuldigdes het toe een kant gaan sit en onder mekaar gepraat. Toe hulle later die middag met werk uitgeskei het, is die werkspan met 'n vragmotor van die bouperseel vervoer. Agter op die vragmotor was daar 'n klomp mense wat tot gevolg gehad het dat lede van die werkspan feitlik opmekaar gesit het. Volgens Williams het hy tussen beskuldigdes 1 en 3 gesit; en die appellant het langs beskuldigde 3 gesit. Die drie beskuldigdes het onder mekaar gepraat en gelag. Beskuldigde 3 sê toe vir Williams dat hulle drie (verwysende na die drie beskuldigdes) op die strand 'n wit meisie beet gehad het. Hierdie verklaring van beskuldigde 3 is deur beskuldigde 2 en die appellant aangehoor

en ..........

en aldrie beskuldigdes het daaroor gelag. Daarna, aldus Williams, het aldrie beskuldigdes onder mekaar gesê -

"Jenne my broer dit was lekker."

Gedurende die kruisondervraging van Williams deur beskuldigde 1 se advokaat het laasgenoemde dit gerade geag om 'n kort verdaging te verkry. By hervatting van die verhoor het beskuldigdes 1 en 3 albei hul aanvanklike pleite verander en skuldig gepleit. By die verhoor is die appellant deur 'n pro Deo advokaat bygestaan. Na skuldigbevinding van beskuldigdes 1 en 3 en 'n skeiding van verhore is met die verhoor van die appellant voortgegaan. Williams is toe deur die appellant se advokaat onder kruisverhoor geneem. Na afloop van Williams se getuienis het die aanklaer ingevolge art 235(1) van die Strafproseswet die pleitverrigtinge in die landdroshof aan die verhoorhof voorgelê en daarna het die staat sy saak gesluit. Daarop is die saak van die appellant gesluit sonder dat hy self getuig het of enige

getuies ..........

getuies namens hom opgeroep het. Die appellant is op sy beurt ook aan verkragting skuldig bevind. Vir doeleindes van vonnisoorweging is 'n vakkundige maatskaplike agtergrondsverslag m b t beskuldigde 3 aan die verhoorhof voorgelê. Nòg beskuldigde 1 nòg die appellant het enige getuienis ter strafversagting aangevoer.

Een van die staatsgetuies by die verhoor was kol Mostert, distrikspeuroffisier van Paarl. Na behoorlike waarskuwing het die appellant op 6 Maart 1981 aan kol Mostert 'n verklaring gedoen en onderteken. Dit is gemeensaak dat hierdie verklaring vrywillig en sonder enige dwang of onbe= hoorlike beïnvloeding deur die appellant afgelê is. Die verklaring is deur kol Mostert aan die verhoorhof voorgelê. Uit die getuienis blyk dat beskuldigdes 1 en 3 ook bekend staan as "Flora" en "Tayu" onderskeidelik. In sy verklaring aan kol Mostert het die appellant o a gesê:

"Flora ..........

> "Flora en Tayu was 'n hele tyd weg agter die duine. Ek het die voorman Boeta Noor gevra of ek my seerplek aan my been in die see kan gaan afspoel. Toe ek op die bult of sanduin kom toe sien ek Tayu gryp die vrou. Flora het teen die duin gelê en ek het plat geval. Tayu het die vrou na die duine gesleep en Flora het die vrou se kop toegehou en toe sien ek Tayu klim die vrou op. Na Tayu klaar was, het Flora opgeklim."

Soos reeds genoem, het die staat ook die verklaring wat die appellant ter pleitverduideliking aan die landdros gedoen het aan die verhoorhof voorgelê. Daarvolgens het die appellant nie alleen ontken dat hy die klaagster verkrag het nie maar het hy, in antwoord op 'n vraag van die landdros of hy die klaagster op die betrokke dag hoegenaamd gesien het, ontkennend geantwoord.

Die klaagster was 'n uitmuntende getuie. Haar getuienis word strykdeur deur 'n merkwaardige objektiwiteit gekenmerk. Die verhoorhof het die waarheid van haar verhaal sonder voorbehoud aanvaar en het heel tereg bevind dat die

klaagster .........

klaagster inderdaad drie keer verkrag is. Williams het die verhoorhof insgelyks as 'n eerlike en betroubare getuie beïndruk. Wat opval by nalees van Williams se getuienis is dat die advokaat wat by die verhoor namens die appellant opgetree het nie kans gesien het om op die kernpunte in Williams se relaas met Williams in geding te tree nie. Die verhoorhof het Williams se getuienis aanvaar en in hierdie Hof is daar nie aangevoer nie dat die verhoorhof sodoende fouteer het.

Die appellant se appèl is deur mnr Newton (wat nie by die verhoor opgetree het nie) beredeneer. Teenoor hom wil hierdie Hof sy dank betuig. In sy betoog oor die meriete van die skuldigbevinding het die appellant se advokaat die aandag veral daarop gevestig dat (1) die klaagster toegegee het dat sy moontlik slegs deur twee en nie drie verskillende persone verkrag is nie, en (2) volgens die klaagster se indruk daar ná die eerste verkragter se

verdwyning .........

verdwyning twee persone en nie slegs een nie by die toneel van misdaad opgedaag het. Wat die eerste punt betref, dien gemeld te word dat dit nietemin vas staan dat die klaag= ster drie maal in die duine verkrag is. En aangesien die klaagster nie kon sien wat om haar aangaan of hoeveel persone by die tweede verkragter aansluit nie, en dus vir haar indruk dat dit twee persone was slegs op haar gehoor gesteun het, het die advokaat se tweede punt nie veel om die lyf nie. Verder as dit kon die appellant se advokaat sy betoog oor die korrektheid van die skuldigbevinding nie juis voer nie.

Nou is dit so dat die inhoud van die appellant se verklaring aan kol Mostert deels met die staatsaak on= bestaanbaar is. Volgens die klaagster was sy eerste verkrag deur die man wat haar op die strand aangeval het; en die getuienis van Williams dui daarop aan dat die man wat die klaagster eerste verkrag het beskuldigde 1 moes gewees het. In die appellant se verklaring aan kol Mostert daarenteen

word ..........

word die teenoorgestelde voorgegee, naamlik, dat beskuldigde 3 die klaagster gevang het en haar ook eerste verkrag het. Hoe dit ook sy, die belangrikheid van hierdie verklaring by beoordeling van die afdoendheid van die saak teen die appellant is daarin geleë dat die appellant hom daarvolgens as ooggetuie van die misdaad en feitlik op die toneel van die misdaad plaas. In die lig van veral Williams se on=weersproke getuienis was daar na afloop van die staatsaak, so meen ek, 'n sterk prima facie saak teen die appellant. Deur die appellant se stilswye het die staat m i daarin geslaag om die appellant se skuld aan die misdaad hom ten laste gelê bo redelike twyfel te bewys. Die appèl teen die skuldigbevinding kan dus nie slaag nie.

Ek oorweeg vervolgens die appèl teen die vonnis. Beskuldigde 1 het geen vorige veroordelings gehad nie. Beskuldigde 3 het een vorige veroordeling weens aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die appellant het ses

vorige veroordelings, vyf waarvan weens diefstal. Hy is egter nie voorheen weens enige geweldsmisdaad gevonnis nie. Dat die appellant en sy twee medebeskuldigdes die verwyt van ŉ gruwelike misdaad dra, behoef geen argument. In al die omstandighede van die saak tref die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf in die geval van beskuldigde 1 en beskuldigde 3 my ook nie as buitensporig swaar nie. By vonnisoplegging het die geleerde verhoorregter egter opgemerk dat met betrekking tot vonnis hy nie kan sien waarom hy enige onderskeid tussen die drie beskuldigdes moet tref nie. Mnr Newton se betoog is dat die verhoorregter ŉ mistasting begaan het deur aldrie beskuldigdes oor een en dieselfde kam te skeer en om sodoende uit die oog te verloor dat die appellant se aandeel by pleging van die misdaad beduidend minder is as dié van sy twee mede-beskuldigdes. Na my mening het die advokaat hier gelyk.

Uit die aangevoerde getuienis is dit duidelik

dat .........

dat die hele plan om die klaagster te verkrag sy ontstaan by beskuldigde 1 gehad het, en dat hy die inisiatief geneem het om self 'n wreedaardige en lafhartige aanval op die klaagster te loods. Verder dui die waarskynlikhede op die gevolgtrekking dat beskuldigdes 1 en 3 deelgenote was van 'n voorbedagte komplot om die klaagster in die duine te verkrag; dat hul vantevore afgespreek het dat beskuldigde 3 hul slagoffer by die duine sal inwag om haar daar vas te hou, te blinddoek en te terroriseer terwyl beskuldigde 1 haar verkrag; en dat beskuldigde 3 haar daarna self sou verkrag. Hierteenoor staan dat die appellant slegs op aansporing van beskuldigde 1 na die toneel van misdaad gegaan het; en dat hy sy opwagting aldaar gemaak het toe die klaagster reeds oorrompel en twee maal verkrag is. Dat die appellant aandadig aan 'n weersinwekkende bende-misdaad was, kan nie weggeredeneer word nie. En dit val ook nie te betwyfel dat hy swaar gestraf moet word. Maar ná deeglike oorweging

van ........

van al die omstandighede van die geval is ek van oordeel dat die verhoorhof hom wanvoorgelig het deur sy versuim om die mindere rol van die appellant met minder verwyt te bejeën. M i kan die morele laakbaarheid van die appellant se wandaad nie aan dié van sy twee mede-beskuldigdes gelykgestel word nie en het die verhoorregter die diskresie wat by straftoe=meting aan hom toevertrou is nie redelikerwys uitgeoefen nie. Bygevolg is hierdie Hof regtens verplig om met die opgelegde vonnis in te gryp. Dit wil my voorkom dat geregtigheid sou geskied het as 'n termyn van twaalf jaar gevangenisstraf opgelê was.

Die appèl word afgewys, behalwe dat die opgelegde vonnis ter syde gestel word en met 'n vonnis van twaalf jaar gevangenisstraf vervang word.

G G HOEXTER, AR

JOUBERT, AR)
NICHOLAS, AR) Stem saam